Laerskool
Louw
Geldenhuys

Sedert 1902



#Louwtjiesdravrug


Laerskool Louw Geldenhuys

INHOUDSOPGAWE

BOODSKAP VAN ONS HOOF 2
ONS ETOS 3
ONS BENADERING 3
LOUWTJIES PILARE 4
AKADEMIE 5
- SKI-Klas 6
- Klein Spar 8
- Link-Lab 9
- Wiskunde Den 9
- Akkommodasie 9
SPORT 11
KULTUUR 12
SOSIAAL 15
LOUWTJIES PAD 16
LOUWTJIES GROEI 16
LOUWTJIES AKTIWITEITE 17
LOUWTJIES DIEN 17
- Kinders vir Kinders 18
- Louwtjies Hulpfonds 18
- Louwtjies vir Louwtjies 18
LOUWTJIES WAARDES 19
LOUWTJIES WELSTAND 20
- Wya van der Waal 20
- Die Habitat 20
FASILITEITE 22
- Rekenaarsentrum 22
- Mediasentrum 22
- Snoepie 23
- Krieket kolfblad 23
- Verspring aanloopvlak 23
- Blitz Park 23
NASKOOLSENTRUM 24
- Naskoolsentrum 24
- Vakansieskool 24
GRAAD RR & RRR 25
GRAAD R 25
TOELATINGSVEREISTES 26
SKOOLFONDS 27
SKOOLDRAG 28
ADDISIONELE INLIGTING 29
- Busvervoer 29
- Sekuriteit 29
- Klub120 29









MNR. MARTIN BENSCH

BOODSKAP VAN ONS HOOF

Welkom by Laerskool Louw Geldenhuys – ‘n Tuiste vir Jou Kind se Toekoms

Een van die mees betekenisvolle besluite wat ‘n ouer neem, is die keuse van die regte skool vir hul kind. Dit bring dikwels vrae na vore:

- Sal my kind in ‘n sensitiewe en ondersteunende omgewing voorberei word vir die wêreld daarbuite?
- Sal sy of haar unieke potensiaal raakgesien en ontwikkel word?
- Sal die skool saam met my as ouer werk om ‘n gebalanseerde, selfstandige en positiewe individu te vorm?

By Laerskool Louw Geldenhuys bou ons voort op die stewige grondslag wat ouers reeds gelê het. Ons bied ‘n omgewing waar kinders hulself leer ken, hul talente ontdek en dit in diens van ander kan aanwend.

Ons is toegewyd om elke leerder die beste moontlike geleenthede te bied om sy of haar drome te verwesenlik. Ons kinders is ons grootste skat – ‘n kosbare gawe wat ons met verantwoordelikheid en toewyding koester.

Dit is vir ons ‘n eer om jou en jou kind hartlik te verwelkom by Laerskool Louw Geldenhuys – ‘n plek waar groei, gemeenskap en uitnemendheid hand aan hand gaan.

Laerskool Louw Geldenhuys – waar elke kind se toekoms blink!





ONS ETOS

Missie

Laerskool Louw Geldenhuys is ‘n skool met dinamiese rolspelers wat met vertroue, entoesiasme en positiewe ingesteldheid ‘n skool daarstel waar tradisie, struktuur en standaarde die hoogste prioriteit is.

Visie

Ons wil verantwoordelikheid neem vir die skep van ‘n klimaat van positiewe en entoesiastiese deelname, sodat daar ‘n verskil bewerkstellig kan word in die lewe van alle mense wat deur Laerskool Louw Geldenhuys geraak word.

ONS BENADERING

Laerskool Louw Geldenhuys is ‘n trotse waardegebaseerde Afrikaanse skool in Linden, Johannesburg wat streef om die beste vir ons skoliere te bied. By Louwtjies bied ons alle kinders die geleentheid om al hulle verwagtings te verwesenlik. Ons het ‘n holistiese benadering tot onderwys met die bevordering van akademie, kultuur, sport, en sosiale aktiwiteite. Elke familie word deel van die ryk Louwtjie geskiedenis en tradisies van hierdie uitmuntende skool gevestig in 1902.

Ons glo dat ‘n sterk emosionele fondasie essensieel is vir die suksesvolle opvoeding van ons kinders. Leerders word deur die inbeelding van waardes, toegerus om hul volle potensiaal te bereik en lewenslange vaardighede te ontwikkel. Ons bevorder jou kind se welstand, terwyl ons ‘n veilige, ondersteunende en stimulerende omgewing skep vir hulle om te groei.

Laerskool Louw Geldenhuys is ’n skool met dinamiese rolspelers wat met vertroue, passie en ’n positiewe ingesteldheid, ’n skool daarstel waar tradisie, struktuur en standaarde die hoogste prioriteit geniet. Louwtjies groei, floreer en dra vrug in ’n gelukkige skool binne ‘n gevestigde gemeenskap.

Alle skoliere word uitgenooi om deel te neem aan hierdie opwindende sosiale reis, waar ons vriendskappe smee, tradisies vier en onvergeetlike oomblikke deel.

Ons fondasie van liefde en respek bewerkstellig:

Kinders met **ENTOESIASME**

Onderwysers met **PASSIE**

Ouers met **BETROKKENHEID**

LOUWTJIES Pilare

Laerskool Louw Geldenhuys onderskei homself deur ‘n holistiese benadering tot onderwys, wat ‘n unieke en betekenisvolle skoolervaring bied. Ons is trots daarop dat ons nie net fokus op akademie nie, maar ook op die ontwikkeling van kultuur, sport en sosiale vaardighede. Hierdie vier pilare vorm die kern van ons uitnemende onderwysaanbod en maak ons skool ‘n uitstaande keuse vir ouers wat die beste vir hul kinders se toekoms wil hê.













AKADEMIE

Louw Geldenhuys se akademie is van hoogstaande gehalte. Die skool bied al die voorgeskrewe leerareas wat verpligtend is, aan.

- In die Grondslagfase is daar drie; Tale, Wiskunde en Lewensoriëntering.
- By die Intermediêre Fase (Gr. 4-6) is daar ses vakke naamlik Afrikaans, Engels, Wiskunde, Natuurwetenskap & Tegnologie, Sosiale Wetenskap, Geskiedenis, Geografie en Lewensoriëntering wat bestaan uit KDA, Kuns en Kultuur asook PSW.
- By die Seniorfase (Gr. 7) is daar agt leerareas naamlik Afrikaans, Engels, Wiskunde, Natuurwetenskap, Sosiale Wetenskap, Tegnologie, Ekonomiese Bestuurswetenskap, Kuns & Kultuur en Lewensvaardigheid.
- Afrikaans is die voertaal van die skool en Engels word in Graad 4-7 as eerste Taal aangebied.
- Gedurende die jaar word daar vanaf Gr. R tot Gr. 7 gestandardiseerde toetse afgelê om ons standaard te meet.
- Die kind word holisties gevorm (opgevoed) en daarom word die liggaamlike ontwikkeling ook aangespreek. Die skool bied die KDA-Program aan waar liggaamlike vermoëns ontwikkel word.
- Daar word ook klem gelê op tegnologiese ontwikkeling. Klasse vanaf Gr. 1-5 ontvang Robotika en Koderingsopleiding.
- In die Intersenfase word daar kwartaalliks ‘n toetsreeks geskryf om ook goeie leergewoontes by leerders aan te kweek.
- Twee maal per jaar in Junie en November word daar ‘n formele assessering afgelê. En vanaf Gr. R tot Gr. 7 word daar gebruik gemaak van deurlopende assessering.







SENTRUM VIR KURRIKULÊRE INTEGRASIE

SKI-KLAS

Laerskool Louw Geldenhuys verstaan dat elke kind uniek is en hul eie manier van leer het. Daarom het ons met trots ons SKI-Klas vir Graad 4 bekendgestel – ‘n ondersteunende leeromgewing vir leerders met ‘n bogemiddelde IK, maar wat sensoriese- en leerhindernisse ervaar.

Met ‘n klein klasgrootte van hoogstens 15 leerders, verseker ons dat elke kind die individuele aandag en leiding kry wat hulle nodig het om hul volle potensiaal te bereik.

Hoe ondersteun ons jou kind?

- Gespesialiseerde Ondersteuning – Ons toegewyde onderwyser werk in noue samewerking met Opvoedkundige Sielkundiges en Arbeidsterapeute om jou kind se unieke leerbehoeftes te akkommodeer.
- Geïntegreerde Tegnologie – Moderne tegnologie word in die klaskamer gebruik om leer te vergemaklik en selfstandigheid te bevorder.
- Individuele Aandag – Deur ‘n klein groepie leerders te onderrig, kan ons ‘n persoonlike benadering volg en fokus op holistiese ontwikkeling.
- Gebalanseerde Leeromgewing – Ons kombineer akademiese ondersteuning met strategiese intervensies om leerders se selfvertroue, sosiale vaardighede en akademiese prestasie te verbeter.

Hier by die SKI-Klas help ons leerders om uitdagings te oorkom en suksesvol aan die skoolkurrikulum deel te neem – alles binne ‘n omgewing waar hulle veilig, verstaan en aangemoedig voel.

Gesels met ons oor hoe ons jou kind se leerreis kan ondersteun!













Chantal Buitendag
BESTUURDER

Klein Spar

Die Louwtjie Klein Spar is ‘n unieke en interaktiewe leerervaring waar ons Gr. 1 – Gr. 3-leerders weekliks hul wiskundige vaardighede inoefen volgens die CAPS-kurrikulum. Hierdie mini-winkel, wat net soos ‘n regte Spar lyk, bied ‘n speelse en praktiese manier om getallebegrip, geldhantering en basiese transaksies aan te leer. Leerders kry beurtelings die kans om as aankopers of as werknemers agter die kasregisters op te tree, wat nie net hul wiskundige denke versterk nie, maar ook belangrike lewensvaardighede soos probleemoplossing, samewerking en verantwoordelikheid ontwikkel. Die produkte op die rakke mag dalk “fake” wees, maar die lesse wat ons kinders hier leer, is eg en waardevol!



LEERONDERSTEUNING

Wiskunde Den

Wiskunde Den is ‘n waardevolle geleentheid vir ons leerders om hul wiskundige vaardighede verder te ontwikkel in ‘n ondersteunende en gestruktureerde omgewing. Hierdie ekstra wiskundeklasse word in die middae vanaf 14:00 tot 16:00 by die skool aangebied en bied gerigte hulp vir leerders wat ekstra ondersteuning benodig, asook geleenthede vir dié wat hul wiskundige vermoëns verder wil uitbrei.

Met ‘n fokus op probleemoplossing, begrip en selfvertroue in wiskunde, help Wiskunde Den leerders om akademies te groei en ‘n liefde vir getalle te kweek. Hierdie ekstra klasse is ‘n uitstekende manier om ‘n stewige grondslag vir toekomstige sukses in wiskunde te lê!

LEERONDERSTEUNING

Link-Lab

Leesvaardighede vorm die kern van leervaardighede – ‘n kind moet kan lees om te kan leer. Ons wil kinders graag toerus met die tegnieke en vaardighede om die wêreld van kennis met gemak te kan betree. Goeie leesvaardighede is ondersteunend tot ‘n kind se skolastiese vaardighede in alle vakke en kan bydra tot positiewe selfvertroue.

Gr.1 – Gr.7 leerders se program is deurlopend in die jaar en behels die ontwikkeling van leestegnieke – toegepas op gestandaardiseerde leesstukke en begripstoetse vir elke graad. Die program behels verskeie funksies wat fokus op die verbetering van Afrikaans en Engels in leesbegrip; verhoogde leesspoed wat werkstempo in die klas kan ondersteun; spelreëls en verskeie taalreëls. Die program kan dus aangepas word by elke leerder se spesifieke behoefte. Die program sluit ook die aanbieding van Mind Moves® in; asook visuele en ouditiewe geheue-oefeninge.

Kweekhuis

Die Kweekhuis is ‘n spesiale ondersteuningseenheid wat fokus op die ontwikkeling van grondslagfaseleerders wat baat kan vind by ekstra akademiese ondersteuning. Hierdie program is ontwerp om kinders in Graad R tot Graad 3 te help om hul vaardighede in ’n gestruktureerde, kleinklasomgewing verder te ontwikkel. Leerders word geïdentifiseer deur hul klasonderwyser, die Kweekhuis-onderwyser en, indien nodig, terapeute. Die doel is om ‘n brug te bou tussen die kind se huidige vermoëns en die vereistes van die kurrikulum, sodat elke leerder die selfvertroue en ondersteuning het om op hul eie pas te groei. Gereelde terugvoering word aan klasonderwysers gegee, wat dit weer gebruik in hul beplanning en kommunikasie met ouers. Die Kweekhuis is ’n waardevolle deel van die skool se holistiese benadering tot leerderontwikkeling.

Akkommodasie

Akkommodasies is die spesiale toegewing wat die Onderwysdepartement toestaan aan leerders met spesifieke uitdagings tot assessering (kwartaaltoetse en eksamens) om ‘n ware weergawe van hul kennis weer te gee. Hierdie uitdagings moet ‘n werklike negatiewe impak op die leerder se vermoë hê om kennis weer te gee en nie net om akademiese resultate te verhoog nie.

Algemene voorbeelde van akkommodasie sluit onder andere in, ekstra tyd, ‘n leser en/of ‘n skrywer. Ons skool se SGOS span onder leiding van Tina Calitz tina@llg.co.za kan u meer inligting verskaf.

















Laerskool Louw Geldenhuys bied ‘n dinamiese en opwindende buitemuurse sportprogram aan! By ons skool is ons vasbeslote om ‘n aktiewe en gesonde leefstyl te bevorder, en ons bied ‘n wye verskeidenheid sportgeleenthede vir ons leerders om te geniet en hul vaardighede te ontwikkel. Ons sportprogram omvat ‘n indrukwekkende reeks aktiwiteite wat almal se smaak en belangstellings dek.

Ons bied ‘n verskeidenheid tradisionele sportsoorte aan, soos atletiek, krieket, landloop, swem, hokkie, rugby en netbal, wat ons leerders die geleentheid bied om hul liggame te versterk, spanwerk te leer en saam te werk om doelwitte te bereik. Ons glo ook in die bevordering van denkvaardighede en strategie en bied daarom skaak aan as ‘n uitstekende opsie vir ons intellektueel ingestelde leerders.

Vir diegene wat ‘n bietjie meer gevorderde vaardighede wil ontwikkel, bied ons ook ekstra betaalde sportaktiwiteite soos gholf, krieketakademie, netbalakademie, Ruggakids en tennis aan. Hierdie geleenthede stel ons leerders in staat om hul passie vir sport na ‘n hoër vlak te neem en deur ervaring en professionele begeleiding hul vaardighede verder te ontwikkel. Ons nooi al ons leerders uit om deel te neem aan hierdie fantastiese reis van selfontdekking, spanbou en persoonlike groei terwyl ons hul talent ontwikkel en ‘n liefde vir sport aanwakker wat hulle vir die res van hul lewens sal bybly.



Laerskool Louw Geldenhuys het ‘n betowerende buitemuurse kultuurprogram! By ons skool is ons toegewyd om die kreatiewe vonk in elke leerder aan te wakker deur ‘n ryk verskeidenheid kultuuraktiwiteite aan te bied. Ons glo dat kultuur ‘n essensiële komponent is van ‘n volledige skoolervaring, en ons het ‘n reeks inspirerende geleenthede om leerders se verbeelding te prikkel en hul talente te ontwikkel. Ons kultuurprogram sluit verskeie opwindende aktiwiteite in wat die wêreld van kunstenaarskap en kreatiwiteit verken. Ons bied ‘n fantastiese koorprogram aan vir diegene wat van sang hou en graag hul stemme wil laat weergalm. Vir diegene met ‘n liefde vir die visuele kunste, bied ons ‘n kunsklub en Kollig dans aan, waar leerders hul kuns- en dansvaardighede kan ontwikkel en uitdrukking kan gee aan hul unieke kreatiewe self.

Die Kollig drama-afdeling bied leerders die kans om hul toneelspelvaardighede te ontwikkel en deel te neem aan opwindende produksies, terwyl ons redenaars-geleenthede leerders aanmoedig om hul spraakvaardighede te verbeter en hul standpunte oor belangrike kwessies bekend te maak. Ons revue- en sangprogramme bied ‘n platforms vir leerders om hul talente op die verhoog te vertoon en saam te werk aan vermaaklike produksies.

Vir diegene wat ‘n bietjie meer gevorderde geleenthede wil ervaar, bied ons ook ekstra betaalde kultuuraktiwiteite aan, soos kunsklub, skoolkoerant, ATKV, drama, musiek en ballet. Hierdie aktiwiteite stel ons leerders in staat om hul kultuurervaring te verbreed en diep te duik in spesifieke kultuurvorme. Ons nooi al ons leerders uit om deel te neem aan hierdie betowerende reis van selfontplooiing, kreatiwiteit en kulturele uitdrukking terwyl ons hul talente ontwikkel en ‘n lewenslange liefde vir kultuur inspireer.














KUMON











Laerskool Louw Geldenhuys bied ‘n opwindende sosiale program! By ons skool glo ons in die belangrikheid van sosiale interaksie, vriendskap en die viering van ons unieke skoolkultuur. Ons is trots op ons gevestigde sosiale program wat ‘n wye verskeidenheid aktiwiteite en geleenthede bied vir ons leerders om saam te kuier, te geniet en saam te groei. Ons het ‘n reeks prettige dae by die skool wat spesiaal ontwerp is om ons leerders die kans te gee om ‘n breek te neem van hul akademiese roetine en te ontspan terwyl hulle betrokke raak by speletjies, pretaktiwiteite en lekker kos. Daarbenewens is ons trots op ons ryk tradisies wat ons skool uniek maak. Deur die viering van ons tradisies skep ons ‘n gevoel van identiteit en saamhorigheid onder ons leerders en bou ons ‘n sterk gemeenskap. Daar is danse wat deur die jaar plaasvind soos die Valentynsdagsokkie en die Pa-en-Dogter-dans. Hierdie geleenthede bied ‘n platform vir ons leerders om hulself nie net fisiek uit te druk nie, maar ook ‘n manier om emosies uit te druk, selfvertroue op te bou en verhoudings te versterk.

Verder bied ons ook opwindende toere en kampe aan, waar leerders die geleentheid kry om nuwe plekke te verken, avonture te beleef en lewenslange herinneringe te maak. Hierdie sosiale program versterk nie net die sosiale bande tussen leerders nie, maar bied ook ‘n platform vir persoonlike groei, selfvertroue en emosionele ontwikkeling. Ons nooi al ons leerders uit om deel te neem aan hierdie opwindende sosiale reis, waar ons vriendskappe smee, tradisies vier en onvergeetlike oomblikke deel.



LOUWTJIES Pad

Laerskool Louw Geldenhuys, waar ons trots is op die reis wat ons leerders volg vanaf ons preprimêre afdeling (Graad RR en RRR) deur laerskool en dan na hoërskool en verder.

Ons skool bied jou kind ‘n unieke skoolloopbaan wat gekenmerk word deur opwindende geleenthede en uitstekende onderwys. Vanaf ‘n jong ouderdom maak jou kind deel uit van Louwtjies se ryk tradisie, wat ‘n gevoel van verbondenheid en saamhorigheid skep.

Ons leerders word blootgestel aan ‘n omgewing van uitnemendheid, waar ons onderwysspan passievol is oor die voorsiening van kwaliteitsonderrig. Ons handhaaf klein klaskamers, wat persoonlike aandag en individuele groei bevorder.

By Laerskool Louw Geldenhuys glo ons dat elke kind se potensiaal ontsluit kan word, en ons bied ‘n ondersteunende omgewing waarin hulle kan floreer en hul talente kan ontwikkel. Ons nooi jou kind uit om deel te word van hierdie besondere skool, waar ‘n sterk tradisie, uitstekende onderwys en individuele aandag bymekaarkom om ‘n pad na sukses te volg.

LOUWTJIES Groei

Laerskool Louw Geldenhuys is ‘n skool wat toegewyd is tot die groei en ontwikkeling van elke leerder. Ons bied ‘n goeie grondslag vir leerdergroei deur ‘n kombinasie van faktore wat ons uniek maak.

By ons skool kan jy verwag dat jou kind omring sal word deur goed opgeleide personeel in ‘n geborge en veilige omgewing. Ons span skep ‘n gekoesterde atmosfeer waar leerders kan floreer en hul potensiaal kan ontwikkel. Ons erken die belangrikheid van ‘n goeie perseptuele en emosionele voorbereiding vir die oorgang na Graad 1. Ons fokus op die ontwikkeling van hierdie vaardighede om leerders te help om selfvertroue te bou en met gemak na die volgende fase van hul skoolloopbaan oor te skakel.

Ons is ook bewus van die belang van aktiewe spel in die ontwikkeling van leerders. Ons bied gereelde, gekontroleerde buitespel en gestruktureerde binnespelaktiwiteite aan, wat nie net fisieke gesondheid en motoriese vaardighede bevorder nie, maar ook sosiale interaksie en spanwerk aanmoedig. Daarbenewens fokus ons op die stimulering van kreatiwiteit en akademiese aktiwiteite, wat ons leerders die geleentheid bied om hul verbeelding te gebruik en hul kennis en vaardighede op ‘n prettige manier uit te brei. Ons bevorder jou kind se groei en welstand, terwyl ons ‘n veilige, ondersteunende en stimulerende omgewing skep vir hulle om vrug te dra.

LOUWTJIES Aktiwiteite

Laerskool Louw Geldenhuys is ons toegewyd om ‘n omgewing te skep waarin leerders kan floreer, hul talente kan ontwikkel en lewenslange herinneringe kan maak. Ons bied ‘n oorvloed opwindende aktiwiteite wat ons leerders ‘n ryk en gevarieerde skoolervaring gee.

Laerskool Louw Geldenhuys erken die waarde van instappies en uitstappies in die leerproses. Ons neem leerders op opwindende uitstappies na verskillende plekke, soos museums, natuurtuine en kulturele besienswaardighede, om hul kennis te verbreed en hul waardering vir die wêreld om hulle te bevorder. Instappies bied leerders die geleentheid om van die kennis en ervaring van eksterne bronne te leer en te groei.

Die LLEGO waardeprogram aktiwiteite fokus op die ontwikkeling van positiewe waardes en karaktertrekke, en bied geleenthede vir leerders om empatie, respek, verdraagsaamheid en verantwoordelikheid te ontwikkel.

Ons het ‘n uitgebreide kultuurprogram wat leerders die geleentheid gee om hul kreatiwiteit te uitleef en hulself uit te druk. Kultuur aktiwiteite bevorder selfvertroue, selfuitdrukking en kulturele bewustheid. Vir diegene wat lief is vir sport, bied ons ‘n wye verskeidenheid sportsoorte aan. Sport aktiwiteite bevorder gesondheid, spanwerk, leierskap en kompetisie.

Louwtjies bied ook vertonings, soos musiekkonserte en boekuitstallings.

LOUWTJIES Dien

Laerskool Louw Geldenhuys is toegewyd om nie net ons eie leerders te dien nie, maar ook die breër gemeenskap waarin ons ‘n deel is. Ons het ‘n inspirerende inisiatief genaamd “Kinders vir Kinders” wat spesifiek fokus op die ondersteuning van kinders in ons gemeenskap. Deur hande te vat met die NG Kerk Parkkruin, maak ons hierdie projek ‘n reuse-sukses.

Ons huidige fokus is om kinders en hul gesinne te voorsien van verskeie noodsaaklike produkte, soos tandepasta, tandeborsels en seep. Alle fondse wat ons ontvang, word gebruik om hierdie noodsaaklikhede aan te koop en aan diegene in nood te verskaf. Ons “Kinders vir Kinders”-inisiatief gaan egter verder en is ook betrokke by ‘n voedingskema in buurskole waar daar nie meer vaste inkomste is nie. Ons skool se skenkings word gebruik om hierdie belangrike voedingsprogram te ondersteun en te verseker dat kinders in ons gemeenskap toegang het tot gesonde en voedsame maaltye.

By Laerskool Louw Geldenhuys glo ons dat omgee nie net ‘n persoonlike waarde is nie, maar ook ‘n verantwoordelikheid teenoor ons gemeenskap. Deur aktief betrokke te raak by projekte soos “Kinders vir Kinders”, leer ons leerders die waarde van medemenslikheid, empatie en omgee vir ander. Ons nooi graag ouers, leerders en die gemeenskap om saam met ons deel te wees van hierdie omgee-program, waar ons ‘n verskil maak in die lewens van kinders en gesinne in nood. Sluit aan by Laerskool Louw Geldenhuys terwyl ons gesamentlik ons gemeenskap dien en ‘n positiewe impak maak op die lewens van ons medemens.

LOUWTJIES GEE OM

Kinders vir Kinders

Skenkingsverwysing: KINDERS VIR KINDERS

“Kinders vir Kinders” ondersteun kinders in die breër gemeenskap. Louwtjies vat hande met die NG Kerk Parkkruin, wat ons help om die projek ‘n reuse-sukses te maak. Die fokus is tans om kinders en gesinne te voorsien van verskeie produkte of noodsaaklike benodighede soos tandepasta, tandeborsels en seep.

Alle fondse wat ontvang word, word gebruik om noodsaaklikhede te koop. Kinders vir Kinders is ook betrokke by ‘n voedingskema in buurskole in die gemeenskap waar daar nie meer vaste inkomste is nie en die skenking tot dié fonds word ook vir die doel aangewend. Indien u meer inligting wil hê, kontak gerus me. Jolinda du Preez (jolinda@llg.co.za).

Louwtjies Hulpfonds

Skenkingsverwysing: LOUWTJIES VIR LOUWTJIES

Hierdie fonds is vir Louwtjie-leerders en hul ouers wat geraak word deur slegte ekonomiese omstandighede Die fonds word hoofsaaklik gebruik om tydens skooltyd kospakkies by die snoepie aan te koop, asook vir skoolklere indien die betrokke leerder(s) nie uit die klerebank gehelp kan word nie. Daar word ook kruideniersware aan huishoudings geskenk wat in erge nood is. Enige skenkings is welkom. E-pos me. Zenobia van Heerden (rekenmeester@llg.co.za) in hierdie verband.

Louwtjies vir Louwtjies

Skenkingsverwysing: LLG HULPFONDS

Skenkings aan die Louwtjies Hulpfonds word gebruik om maatskaplike werkers en terapie by verskillende terapeute te betaal. Die fonds dra ook die koste van skolastiese hulpverlening aan behoeftige leerders binne die skool. Die fondse word ook benut om leerders se opvoedkundige toere te betaal en na die welsyn van behoeftige leerders in Louwtjies om te sien.

Hierdie hulpverlening geskied met baie sensitiwiteit en met uiterste vertroulikheid, sodat die leerders beskerm word.

Bydraes deur welwillende ouers vir die skoolfonds van behoeftige gesinne wat nie kwalifiseer vir volle vrystelling van skoolfonds in terme van Die Skolewet nie, word deur die Louwtjies Hulpfonds gefasiliteer.

Let asseblief daarop dat skenkings aan die Louwtjies Hulpfonds slegs vir skoolfonds gebruik word indien ‘n skenker dit so sou spesifiseer. Indien u ‘n skenking vir behoeftige leerders se skoolfonds wil maak, stuur asb. ‘n e-pos aan me. Zenobia van Heerden (rekenmeester@llg.co.za) met u versoek.

Laerskool Louw Geldenhuys, het ‘n diep verbintenis tot die emosionele ontwikkeling van ons leerders. Ons unieke projek genaamd die LLEGO-projek, fokus op die vestiging van emosionele ontwikkeling en ondersteuning binne ons skool. Ons sien ons skool as ‘n liggaam wat uit verskeie sisteme bestaan wat bydra tot die effektiewe funksionering van ons leerders. Elkeen van hierdie sisteme word verteenwoordig deur die LLEGO-akroniem: Louwtjie, Leerders, Entoesiastiese Onderwysers, Gevestigde Waardes en Ouers.

Op hierdie stadium fokus die projek spesifiek op die ontwikkeling van Gevestigde Waardes en ons het ‘n karakterontwikkelingsprogram geloods wat elke maand op ‘n spesifieke waarde fokus. Deur middel van speletjies, aktiwiteite, stories en gesprekke, veranker ons maandeliks ‘n waarde in die harte en gedagtes van ons leerders. Vir die huidige jaar het ons ‘n reeks waarde gekies wat insluit deursettingsvermoë, betroubaarheid, eerlikheid & verantwoordelikheid, respek, gehoorsaamheid, samewerking, geduld en erkenning. Hierdie waardeprogram is ontwerp om ons leerders se emosionele intelligensie en karakter te bevorder, hul sosiale interaksievaardighede te versterk en ‘n positiewe en ondersteunende skoolkultuur te bevorder.

By Laerskool Louw Geldenhuys glo ons dat ‘n sterk emosionele fondasie essensieel is vir ‘n suksesvolle leerervaring en dat ons leerders, deur die inbedding van hierdie waardes, toegerus sal wees om hul volle potensiaal te bereik en lewenslange vaardighede te ontwikkel. Sluit by ons aan terwyl ons die emosionele ontwikkeling van elke leerder koester en hul reis na persoonlike groei en sukses ondersteun.



L: Louwtjie

L: Leerders

E: Entoesiastiese Onderwysers

G: Gevestigde Waardes

O: Ouers



Vir nou spits die projek hom toe op Gevestigde Waardes en word ‘n karakterontwikkelingsprogram geloods wat fokus op ‘n spesifieke waarde. Maandeliks word ‘n waarde vasgelê met behulp van speletjies, aktiwiteite, stories en gesprekke.

Welstand LOUWTJIES

Wya van der Waal

By Laerskool Louw Geldenhuys is leerderwelstand ‘n prioriteit, en daarom is ons trots om Wya van der Waal as ons toegewyde maatskaplike werker te hê. Met meer as 15 jaar ondervinding in kinderwelstand, bied sy ondersteuning aan leerders wat dit nodig het.

Wya is elke Maandag en Dinsdag by ons en werk nou saam met onderwysers om vroegtydig in te gryp wanneer uitdagings opduik. Saam skep ons ‘n veilige, sorgsame omgewing waar elke Louwtjie kan floreer.



Wya van der Waal
LEERDERWELSTAND


Die Habitat
‘n Plek van welstand

Die Habitat

Verder huisves ons Die Habitat – Louwtjies se Welstandsentrum – waar verskeie spesialiste leerders ondersteun op hul unieke ontwikkelingsreise. Hier bied privaat terapeute, insluitend spraakterapeute, arbeidsterapeute en opvoedkundige sielkundiges, professionele dienste reg op die skoolgronde gedurende die skooldag. Dit verseker maklike toegang tot noodsaaklike hulp sonder om akademiese tyd in te boet.



Erika Basson
OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDIGE
Cell: 084 206 2972



Hennie Vorster
OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDIGE
Cell: 083 564 8266



Suzette Lamprecht
SPRAAKTERAPEUT
Cell: 083 391 8334



Trina du Plessis
REMEDIËRENDE ONDERRIG
Cell: 082 322 5343



Charlene Cruickshank
ARBEIDSTERAPEUT
Cell: 082 879 6062



Sorein Steyn
ARBEIDSTERAPEUT
Cell: 082 879 6062















Rekenaarsentrum

Die skool het ‘n volledig-toegeruste rekenaarsentrum wat gedurende gewone skoolure deur die leerders benut word vir Kodering en Robotika-klasse. Die koste is reeds by die skoolgeld ingesluit.

Mediasentrum

‘n Volledig-toegeruste mediasentrum is beskikbaar. Multimediarekenaars en -programme word gebruik ter ondersteuning van die sentrum. Leerders kan gedurende pouses en naskool boeke uitneem.

FASILITEITE

Snoepie

Ons skool beskik oor ‘n goed toegeruste snoepwinkel, wat deur ‘n buite-kontrakteur bestuur word en ‘n verskeidenheid lekker en voedsame versnaperinge bied. Die snoepie is voor skool, tydens pouses en na skool oop, sodat leerders op enige tyd ‘n happie kan geniet. Met ‘n gerieflike deck met tafels en stoeltjies, het leerders ‘n ontspanningsarea waar hulle saam met hul maats kan kuier en ‘n oomblik kan rus voordat hulle hul dag voortsit.

Krieket kolfblad

Ons spog met ‘n goed voorbereide en versorgde krieketkolfblad wat regdeur die jaar in top kondisie gehou word. Hierdie uitstekende fasiliteit bied ons leerders die geleentheid om hul krieketvaardighede op ‘n professionele oppervlak te slyp, of dit nou vir oefening, interskole wedstryde of toernooie is. Deur ons toegewyde instandhouding verseker ons dat spelers ‘n veilige en mededingende omgewing het om hul passie vir krieket ten volle uit te leef.

Verspring aanloopvlak

Ons skool beskik oor ‘n verspring-aanloopvlak met vyf bane, wat leerders ‘n uitstekende geleentheid bied om hul atletiekvaardighede te ontwikkel. Hierdie goed-versorgde fasiliteit verseker optimale spoed en stabiliteit vir atlete, wat hulle help om hul prestasies in verspring te verbeter. Daarbenewens bied die aanloopvlak ook die ideale ruimte vir hekkiesoefening, waar leerders hul tegniek en spoed kan slyp. Of dit nou vir oefening of kompetisies is, ons atlete het toegang tot ‘n professionele en veilige omgewing waar hulle hul volle potensiaal kan bereik.

Blitz Park

Blitz Park is ons multifunksionele AstroTurf-baan wat leerders ‘n veelsydige en professionele speeloppervlak bied om hul sportvaardighede te ontwikkel. Hierdie moderne fasiliteit is spesiaal ontwerp vir tennis, netbal en hokkie, wat leerders die kans gee om in ‘n hoë-gehalte omgewing te oefen en deel te neem aan wedstryde. Blitz Park verseker ‘n veilige, goed-versorgde speelveld regdeur die jaar, ongeag die weerstoestande, en bevorder sportmanskap, spanwerk en aktiewe deelname aan buitemuurse aktiwiteite.



NASKOOLSENTRUM

Naskoolsentrum

Alle leerders wat by die Naskoolsentrum geregistreer is, se skoolfonds sal gehef word met R1100. Ouers of voogde gaan dus ‘n vaste bedrag per maand betaal, ongeag die aantal dae wat ‘n kind by die naskool teenwoordig is. Leerders wat nie geregistreer is nie, sal sonder uitsondering ‘n tarief van R120 per dag gehef word vir elke dag wat die leerder by die naskoolsentrum teenwoordig is.

Betaalde toesig

Maandae tot Vrydae stiptelik vanaf 14:00 tot 17:00.

Gratis toesig

Maandae tot Vrydae

Middae vanaf 13:00 tot 14:00.
Oggende vanaf 06:30 tot 07:00 by die hoofhek.

Daar sal geen naskooldiens of toesig wees gedurende openbare vakansiedae nie, asook nie op die dag wat die skool sluit nie. Alle leerders wat om 15:00 nie betrokke is by formele buitemuurse aktiwiteite nie, sal na die Naskoolsentrum gestuur word en ‘n rekening sal gehef word vir die betrokke dag of dae. Hierdie reëling geld ongeag of u kind by die naskool ingeskryf is of nie.

Vakansieskool

Vakansieskool by die Naskoolsentrum is die ideale oplossing vir ouers wat op soek is na ‘n veilige, gestruktureerde en prettige omgewing vir hul kinders tydens die Maart/April-, Junie/Julie- en September/Oktober-skoolvakansies. Elke dag word daar doelgerigte aktiwiteite beplan wat leerders nie net besig hou nie, maar ook hul kreatiwiteit, sosiale vaardighede en algemene ontwikkeling bevorder. Leerders kry ook genoegsame tyd om te speel, fiets te ry en saam met hul maats te ontspan, wat ‘n goeie balans skep tussen leer en lekkerkry.

Vakansieskool is ‘n betroubare en geliefde keuse onder ons ouers en kinders – ‘n plek waar herinneringe gemaak word, en leerders steeds groei, speel en leer, selfs buite die gewone skooltermyn.



GRAAD RR & RRR

Louwtjies Preprimêr

Laerskool Louw Geldenhuys het ‘n ooreenkoms Robindale Louwtjies Pre-primêr en Babasorg. Dit is ‘n reeds gevestigde skool van hoë gehalte met ‘n sterk bestuur, uitstekende aanbieding en fasiliteite vir die Graad RR- en RRR-leerders.

- U kind is deel van Louwtjies se ryk tradisie en betrokke by Louw Geldenhuys se aktiwiteite
- Blootstelling aan uitstekende onderwys en fasiliteite
- Klein klasse met persoonlike aandag
- Beheerliggaam Bestuur
- Personeelontwikkeling

GRAAD R

Laerskool Louw Geldenhuys staan met sy voete vas op die grond en is klein genoeg om persoonlike aandag aan u kind se unieke talente en opvoedkundige behoeftes te gee. Dit is dié grondslag wat elke verantwoordelike, liefdevolle ouer sy kind gun. Graad R is vir voorskoolse leerders van 5/6 jaar – leerders moet in die betrokke jaar ses jaar oud word. Leerders gaan na graad 1 in die jaar waarin hulle 7 jaar oud word.

Wat Graad R by Louwtjies bied:

- Goed opgeleide personeel in ‘n geborge, veilige omgewing en gekoesterde atmosfeer
- Goeie perseptuele en emosionele voorbereiding vir graad 1.
- Gereelde, gekontroleerde buitespel asook gestruktureerde binnespel.
- Kreatiewe en akademiese aktiwiteite.
- ‘n Groot verskeidenheid buitemuurse aktiwiteite soos mini-krieket, mini-tennis, mini-netbal, welpie-rugby, ballet, skaak en musiek.
- Graad R-leerders dra die informele KDA-skooldrag. In die somer dra hulle ‘n KDA-gholfhemp en -kortbroek en in die winter die KDA-sweetpak.
- Nasorg is daagliks tot 17:00



TOELATINGSVEREISTES

Enige leerder wat aansoek doen om toelating by Laerskool Louw Geldenhuys, is aan die volgende voorwaardes onderworpe. Die ouer of voog en leerder moet hul skriftelik verbind tot die volgende voorwaardes:

- Hulle moet hulle vereenselwig met die skool se etos soos uitgespel in die missieverklaring en moet dit uitleef;
- Ouderdomsvereistes en minimum skolastiese vorderingspeil;
- Elke ouer of voog is aanspreeklik (soos bepaal in die Suid-Afrikaanse Skolewet, no.84 van 1996) vir die betaling van skoolgeld soos bepaal deur die beheerliggaam wat van tyd tot tyd hersien mag word. Betaling hiervan is ooreenkomstig tot die vorderingsterme soos neergelê deur die beheerliggaam. Hulle moet voldoen aan die skool se reëls en regulasies soos bepaal word deur die beheerliggaam, in besonder die reëls in verband met skooldrag.

Hoe om aansoek te doen:

Voornemende ouers moet skriftelik aansoek doen om toelating tot die skool met die voorgeskrewe aansoekvorm. Hierdie aansoekvorm is by die hoof en administratiewe kantoor van Laerskool Louw Geldenhuys beskikbaar. Toelating is onderworpe aan:

- Voltooiing van die skool se amptelike aansoekvorms en dokumente;
- Voldoening aan die skool se toelatingsvereistes soos uitgelê hierbo;
- Stiptelike betaling van die skoolfonds;
- Deurentydse voldoening aan die skool se reëls en regulasies;
- ‘n Voorskot (registrasiefooi) is betaalbaar vir Graad R en Graad 1 leerders (nie terugbetaalbaar nie).





SKOOLFONDS

Skoolgelde word bepaal deur die beheerliggaam en goedgekeur deur ouers op ‘n jaarlikse begrotingsvergadering. Skoolgeld is maandeliks betaalbaar, met dien verstande dat die volle saldo teen 17 November gedelg is. Indien verkies, kan skoolgelde oor 11 maande afbetaal word.

Aansoekers wat aansoek wil doen om betaling op ‘n verminderde of veranderde skaal, moet jaarliks voor die einde van Februarie die nodige aansoekvorm by die skoolhoof voltooi. Die aansoek sal aan die beheerliggaam voorgelê word vir oorweging en sal volgens hul diskresie slegs in merietegevalle toegestaan word.

‘n Leerder wat in die loop van ‘n skooljaar tot die skool toegelaat word se skoolfondsbydrae sal op ‘n pro-rata-basis verminder word, na gelang van die aantal skoolmaande vanaf Januarie tot November waarin die leerder nie tot die skool toegelaat was nie.

Leerders wat die skool in die loop van die skooljaar verlaat se skoolgelde is pro-rata terugbetaalbaar, mits daar skriftelik by die hoof aansoek gedoen word.

Skoolgelde kan as volg betaal word:

- Eenmalig voor die einde van Januarie (ontvang ‘n korting).
- Maandelikse debietorder betaling oor 11 maande.
- Kredietkaart oor 11 maande (inligting by kantoor).
- Elektroniese oorplasing.
- D6 toepassing.

Ouers of voogde wat verkies om skoolgelde by wyse van paaiemente te betaal, sal maandeliks ‘n elektroniese rekeningstaat ontvang wat die uitstaande saldo aandui.







SKOOLDRAG



Skooldrag vir Laerskool Louw Geldenhuys kan aangekoop word by erkende klereverskaffers soos Burger Broers en Constantia, waar ouers toegang het tot die volledige reeks formele skoolklere van uitstekende gehalte.

By die Pennedas, ons eie klerewinkel op die skoolterrein, is al die sportklere en KDA-klere beskikbaar. Dit bied ‘n gerieflike opsie vir ouers om spesifieke klere-artikels vir buitemuurse aktiwiteite direk by die skool aan te skaf.

Met hierdie kombinasie van verskaffers verseker ons dat elke Louwtjie netjies, gemaklik en gereed is vir elke aspek van hul skooldag – binne én buite die klaskamer!

- Twee stelle per kind behoort in hulle behoeftes te voorsien.
- Geen juwele behalwe ‘n horlosie en goue oorringetjies/deurskiet krabbertjies (slegs dogters).
- Sodra ‘n dogter se hare haar skouers raak, moet dit vasgemaak of gevleg word. Slegs maroen, wit of geel haarlinte, haarrekkies of knippies mag gedra word. Byderwetse haarstyle en “gel”hare by seuns word nie toegelaat nie.
- Die KDA-sweetpakbaadjie sowel as die grys hoodie mag as alternatief gedra word.
- Geen tekkies mag gedurende skoolure saam met skooldrag gedra word nie.







ADDISIONELE INLIGTING

Busvervoer

Daar is daagliks bussievervoer in die oggende beskikbaar vanaf Robindale Louwtjies en Kleuternessie na Laerskool Louw Geldenhuys vir ouers wat jong leerders in hierdie kleuterskole ook het. Ouers kan ook gebruik maak van Hoërskool Linden se busdiens. Kontak klets@llg.co.za vir meer inligting in verband hiermee.

Sekuriteit

Die skool se fasiliteite word beskerm deur doeltreffende sekuriteitsomheinings, toegangsbeheer en 24 uur sekuriteit. ‘n Sekuriteitswag is Maandae tot Vrydae aan diens vanaf 06:00 tot 18:00. Gedurende die skooldag kan daar slegs deur die hoofingang toegang verkry word. Indien ‘n leerling die skoolterrein verlaat gedurende skoolure, moet die leerling uitgeteken word in die kantoor. Die leerder ontvang dan ‘n toestemmingskaartjie wat aan die wag by die hek gegee moet word. Die skool en terrein is toegerus met 24-uur CCTV-kameras om goeie sekuriteit te verseker.

Klub120

Sluit aan by Klub120 en geniet eksklusiewe toegang tot ons uitstekende sportfasiliteite, wanneer dit jou pas! Hierdie lidmaatskap bied jou die geleentheid om ons moderne sportgeriewe te benut vir ekstra oefening, ontspanning of verbetering van jou vaardighede. Sluit aan vir slegs R300 per kwartaal, met ‘n eenmalige administrasiefooi van R150. Moenie hierdie wonderlike geleentheid misloop om optimaal gebruik te maak van ons topklas fasiliteite nie!

Kinders met **ENTOESIASME**

Onderwysers met **PASSIE**

Ouers met **BETROKKENHEID**







#Louwtjiesdravrug

H/v 7de Straat & 3de Laan, Linden 2195
Posbus 44045, Linden, 2104, Johannesburg

Telefoon (011) 782 5442
E-pos (hoof) hoof@llg.co.za
E-pos (leerder aangeleenthede) pos@llg.co.za

www.llg.co.za

